JACOBSDAL PRIMÊRE SKOOL
NUUSBRIEF: 27 2 SEP – 9 SEP 2022

TENNIS
Jakkies se 3'de 0/12 tennistoernooi vind die naweek plaas. Baie sterkte aan ons leerders wat gaan speel.

Ons spelers het Dinsdag, 30 Augustus teen Hartswater gaan wedstryde speel en baie goed gevaar. Ons het ongelukkig die enkels as skool verloor, maar wel die dubbels gewen.

Baie sterkte aan die seuns wat Donderdag, 8 September teen Eureka gaan wedstryde speel. Die seuns verdaag 12:45 en die bussie sal om 13:00 vertrek.

Baie sterkte ook aan die volgende leerders wat volgende Vrydag, 9 September teen die Oos-Kaap in Bloemfontein gaan speel, as deel van die Xhariep tennisspan.
Elri de Wet
Rauch Burger
Christiaan Wilkinson
Simon de Witt
SW Engelbrecht
Leo Wilkinson

Gr.2-3 TENNIS TOERNOOI
Newton hou 'n Gr.2-3 tennistoernooi op Saterdag, 29 Oktober teen R150 per speler. Daar moet 6 of 12 spelers wees om in te skryf, aangesien spanne uit 6 spelers bestaan vir die toernooi. Indien daar ouers is wat hul kinders wil inskryf vir die toernooi moet julle asseblief voor of op Maandag, 12 September vir Liané laat weet. Verdere reëlings sal dan deurgegee word.

BUITEMUURS
Let asseblief op die brief wat op ouergroepe uitgestuur is aangaande die buitemuurs vir die tydperk van die konsert.
Netbal -en rugbyoefeninge asook die hokkie is eers klaar vir die kwartaal. Daar sal verdere reëlings met die 0/13 -seuns en dogters getref word wat Saterdag, 24 September aan die Fast Five netbal en 7's rugby toernooi in Hopetown gaan speel.

KRIEKET
Die 0/11 en 0/13 spanne het Woensdag, 31 Augustus teen De Aar wedstryde gespeel in Jacobsdal. Die 0/11 span het verloor met 28 paaltjies en die 0/13's het met 10 paaltjies gewen.

Baie sterkte aan die 4 seuns wat die naweek hul eerste wedstryd vir die Xhariep-span speel. Die 0/11's speel in Springfontein en die 0/13's in Kroonstad.
0/11
Christiaan Wilkinson
MJ Erasmus
0/13
Adriaan Burger
Leo Wilkinson

SWEM
Trompsburg Primêr het ons uitgenooi om Donderdag, 28 Oktober aan 'n swemgala by hulle deel te neem. Sal julle asseblief vir Liané in kennis stel voor Vrydag, 16 September wie belang sal stel om te gaan. Jy moet ongelukkig al aan 'n gala deelgeneem het, en 'n kwalifiserende tyd daarvoor hê.

KONSERT
Let op na die volgende veranderinge van die konsert week 13-15 September:
- **Dinsdag, 13 September:** Kleedrepetisie – 18:00
  Ouers is welkom. R20 betaalbaar by die deur. Slegs stoele word gepak in die saal.
- **Woensdag, 14 September:** Konsertaand 1 – 18:00
  Piekniekaand: U bring u eie eetgoed en drinkgoed. Tafels sal beskikbaar wees om aan te sit. U moet u kaartjie bespreek teen R50 pp. by die skool. Daar sal 'n snoepie beskikbaar wees en worsbroodjies sal te koop aangebied word. ***(Sien afskeurstrokie)***
  Bestellings in voor of op 7 September 2022.
- **Donderdag, 15 September:** Konsertaand 2 – 18:00
  R100 pp. – Aansitete (Uitverkoop)

LOSLITDAG
JOS bedank elke ouer, leerder en personeellid wat Loslitdag ondersteun het. Dit word opreg waardeer.

KOEKIEVERKOPING
Die Graad 2 klas hou op Maandag, 5 September ‘n koekieverkoping. Leerders word aangemoedig om ‘n geldjie skool toe te bring ter ondersteuning van die Graad 2’s.

WOW SPELKOMPETISIE UITSLAE
Baie geluk aan Marizel Swanepoel wat ‘n Eerste plek behaal het in die Xhariep distrik kompetisie op Woensdag, 31 Augustus te Bloemfontein. Sy dring deur na die Provinsiale kompetisie.

SOMERSKLERE
Leerders kan vanaf Maandag, 5 September, somersklere begin aantrek skool toe. Koshuis leerlinge moet asb. nogsteeds warm klere saambring.

BEKENDSTELLINGSDAG
Daar sal volgende Vrydag, 9 September, geen skool wees vir die Gr.1 klas nie, as gevolg van die Bekendstellingsdag. (Gr.R’e gaan die klas beset)

…….
PW Tait
SKOOLHOOF

GEBEDSLYS:

Ons bid vir ons leerders, personeel en ouers.

AFSKEURSTROKIE: Konsertaand 1

Naam van Ouer:……

Naam van leerder: ……

Worsbroodjie @ R25 ☐

Worsbroodjie & koeldrank @ R35 ☐

Totale Bedrag: R_____

HANDTEKENING OUER:……

KONTAKNOMMER: ……..

(Bestellings moet asb. voor of op 7 September die skool bereik. Handig in by klasonderwyser)